

Gesinserediens by afsonderlike huise
22 Maart 2020
Saamgestel deur Annelize
(Ons gaan hierdie boodskappe tussen my, Ernst,
Martiens en Henk afwissel)

Toetrede

Kry julle gesin bymekaar en gaan sit op 'n gemaklike plek in die huis soos byvoorbeeld om die eetkamertafel. Sorg dat julle ten minste een Bybel by julle het.

Loflied

Sommige gesinne is musikaal en kan die loflied as gesin saam sing. Of een van van julle kan dit vir die res sing. In gesinne waar niemand kan sing nie, kan een van julle dit gerus voorlees.

Die loflied is geskryf in 1637 deur 'n dominee. Hy was toe 51 jaar oud. In daardie jaar het daar 'n plaag (vandag praat ons van 'n virus) in sy dorpie uitgebreek. Die siekte het vinnig versprei en binne 'n paar maande het 8000 mense waarvan baie kinders was, in sy dorpie gesterf. Die ander drie dominees in sy dorpie het ook gesterf en hy moes toe almal wat sterf begrawe. In 'n jaar se tyd begrawe hy 4000 mense en onder hulle was sy vrou. Aan die einde van die jaar skryf hy 'n lied wat ons nou nog sing en ek dink dit is gepas dat ons vanoggend nie om ons kyk nie maar in ons loflied op kyk en God dank. Ons begin dus hierdie besondere huiskerk-erediens vanoggend met die lied:

Gesang 188

Kom, dank nou almal God
Met hart en mond en hande
Loof Hom wat wonders doen
Tot in die verste lande
Van vroeg, van kindsbeen af,

Het Hy ons trou bewaar
en tot vandag toe nog geseën en gespaar.

O, God, so ryk en goed,
Gee ons solank on lewe
Altyd 'n blye hart:
As dit U wil is: vrede.
Laat u genade ons
Beveilig teen gevaar,
In donker ure ons
Van struikeling bewaar.

Lof, eer sing ons voor God,
Die bron van alle lewe –
Die Vader, Seun en Gees,
Almagtig en verhewe.
Drie-enige God, ons roem
U krag en majesteit.
O Heer, ons wil U noem:
Ons God in ewigheid!

Gebed

Laat die jongste in die gesin 'n gebed doen.

Skriflesing

Laat die oudste dame in die gesin die gedeelte uit die Bybel voorlees.
Die res kan dit in hulle Bybel volg. Ons Skriflesing kom uit
Openbaring 1: 9 – 18.

Ek, Johannes, is julle medegelowige, en deur ons
verbondenheid met Jesus het ek saam met julle deel aan die
verdrukking en aan die koninkryk en aan die volharding.
Ek was op die eiland Patmos, waarheen ek verban was

omdat ek die woord van God en die getuienis van Jesus verkondig het.

Op die dag van die Here is ek deur die Gees meegevoer en ek het agter my, so hard soos die geluid van 'n trompet, 'n stem hoor sê: “Skrywe wat jy sien in 'n boek op ...” Ek het omgedraai om te sien wie dit is wat met my praat.

Ek het omgedraai om te sien wie dit is wat met my praat. En toe ek omgedraai het, het ek sewe goue staanlampe gesien en tussen die lampe Iemand soos die Seun van die mens.

Toe ek Hom sien, het ek by sy voete neergeval en bly lê soos een wat dood is.

Hy het toe met sy regterhand aan my gevat en vir my gesê: “Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste, die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk.

Boodskap

Laat die oudste man in die gesin die boodskap voorlees.

Patmos is wanneer jy jou arm dophou en sien hoe die chemo in jou lyf drup.

Patmos is wanneer jy geboelie word by die skool of wanneer jou beste vriendin op jou *cheat* met jou ou.

Patmos is wanneer die skerwe van jou drome om jou lê.

Patmos is die naderende ouderdom.

Patmos is die gevreesde virus.

Patmos is die skuldgevoel oor wat jy gisteraand in jou dronkenskap gedoen en gesê het.

Patmos is 'n oop graf, soms te skielik en te vinnig.

Patmos is 'n hospitaalbed.

Patmos is 'n leë beursie of die daling van die rentekoers en jou leefgeld wat verminder.

Patmos is jou besigheid wat weens die Coronavirus doodstil geword het.

Patmos is angs oor die toekoms.

Johannes se Patmos was verbanning na 'n gevangenis op 'n eiland omdat hy oor Jesus getuig het. Hy is weggeskeur van al sy geliefdes en op sy hoë ouderom weet hy nie of hy enigeen weer sal sien nie. Die laaste kans wat hy in sy ouderdom het om in sy gemeentes te werk, is van hom weggeneem. Bedags moet die ou man in die myne werk. Snags word hy in 'n grot toegesluit.

Hy kon kwaad gewees het en geroep het na Jesus: “Ek is ter wille van U hierheen gestuur – hoe kon U dit toelaat?”

Hy kon getwyfel het dat God ooit werklik in beheer was want hoe kon Hy toelaat dat Sy heel laaste lewende Apostel geïsoleer word? Die gemeentes het Hom nodig.

Hy kon homself jammer gekry het: “Waarom, ek? Ek wat na U ma omgesien het? “

Hy kon negatief en depressief geraak het: “Ek is oud en wil nie my laaste jaar in 'n myn werk nie.”

Ons ken daardie emosies. Ons ken die waarom-vrae, die woede, die selfbejammering, die negatiewiteit, die angs. Maar ons sien wat Johannes hier doen. Op die dag van die Here draai hy om. *Op die dag van die Here* beteken dat dit 'n Sondag was. Jesus het 'n Sondag uit die dood opgestaan en toe het Sy volgelingen begin om die Sondag in plaas van die Sabbat met God te spandeer. Johannes is gewoond om Sondae tussen sy gemeentelude te wees. Nou sit hy weg van sy gemeente alleen op die eiland. Hy kan nie vanoggend saam met hulle bymekaar kom nie. Maar alhoewel hy alleen is spandeer hy op hierdie Sondag tyd met Jesus. Dit is wat Christene in vervolgde lande doen – hulle kan nie saam kerk hou nie maar hou dit in gelowiges se huise. Dit is wat julle en ons gesin vanoggend doen.

Alhoewel die erediens by die kerk nie mag plaasvind nie spandeer julle en ons vandag, op die Sondag, tyd met Here in elkeen se eie huis.

Op hierdie dag van die Here gaan Johannes, al is hy op Patmos, weer op sy knieë en aanbid God en skielik vervaag die grot om Hom en hy hoor 'n stem. En toe hy omdraai sien hy vir Jesus.

Johannes draai om en sien Jesus.

Soms moet jy omdraai om Jesus te sien.

Soms moet iets jou ruk tot stilstamp soos 'n ramp wat iemand tref wat jy ken, 'n angiogram of skielike werkloosheid.

Soms moet daar 'n Coronavirus kom en al jou vermaak en tyd wat jy by werk spandeer wegneem sodat jy kan omdraai en weer as 'n gesin saam kan huisgodsdien hou.

Soms moet jy wegdraai van die aardse gewoel om na Jesus te luister of om Sy liefde te ervaar. Jy moet omdraai van jou dagboek en jou doen-lysie. As jy op Patmos is en om jou kyk en jy net die oneindige see sien sien en jy wanhopig voel, draai om en jy sal Jesus sien. Kyk om jou wanneer jy hoor van die eerste Coronavirus in jou straat en sien Jesus.

Die Bybel belowe ons nie dat ons nié op Patmos sal beland nie, maar die Bybelboodskap is baie duidelik dat Jesus saam met ons op Patmos is. Nêrens het Jesus 'n lewe van gemak belowe nie. Om 'n gelowige of goeie mens te wees maak jou nie immuun teen swaarkry en lyding en virusse nie. Die Bybel se boodskap is dat Jesus by Sy gelowiges is. Hy is daar by jou wanneer die aardbewings, tsunami's, versoekings, pandemies, oorloë, alleenheid en ander dinge wat ons van angs laat bewe, daar is. Hy gee ons die krag om dit te hanteer. Hy lei ons oor die klippe op die eiland.

Ons lees dat Johannes omgedraai het en toe hy Jesus sien, skrik hy. Johannes was vreesbevange, alhoewel die doel van die

visioen nie was om hom bang te maak nie, maar om hom te bemoedig. Jesus raak saggies aan hom en sê: “Moenie bang wees nie.”

Ons is almal bang vir iets. Sommige mense is bang dat hulle sal siek word. Die Corona-virus verskrik ons op die oomblik. Ons is bang vir die toekoms – is daar ooit ‘n toekoms in Suid-Afrika? Duisende mense verlaat die land uit vrees. Ironies is buitelanders die afgelope week of twee nie meer welkom oorsee nie. Gaan ons kinders eendag werk kan kry in ‘n land wat al reeds amper drie dekades regstellende aksie teenoor die minderheidsgroepe het? Ons is bang ons voldoen nie aan ander se verwagtings nie. Suid-Afrikaners se hoë mure, alarmstelsels en geld wat hulle maandeliks aan sekuriteit spandeer wys hoe angsvange hulle vir gewapende aanvalle is. Ons lewe is vol angs en stres.

Vir ons almal kom Jesus se stem oor alle tydperke en na alle dele van die wêreld – orals na sy kinders: “Moenie bang wees nie.”

Johannes het in sy grot gesit en geen toekoms gesien nie. Hy het verlang na sy gemeentelede en nie geweet wat hulle toekoms is nie. Maar nou begin hy verstaan. Hy sien dat daar ‘n plan met die geskiedenis is en hy begin begryp waar hy inpas. Hy sien die gemeentes wat die lig oor alle eeue versprei. Hy sien hoe hulle bedreig word maar hy sien ook dat hulle vasgehou word in Jesus se regterhand. Hy kan nou die pyn en verdrukking op Patmos hanteer nou dat hy weet dat God regeer. Hy kan die storms konfronteer want hy weet sy fondament is diep in die Rots. Hy weet hy is deel van die koninkryk van Jesus.

Ons is vanoggend op Patmos. Laat ons omdraai en Jesus sien en hoor hoe Hy vanoggend vir elkeen van ons gesinslede se: Moenie bang wees nie. Laat ons verantwoordelik, maar sonder vrees, die volgende week ingaan.

Bespreking:

Gee na die voorlesing kans om die boodskap te bespreek. Elkeen in die gesin kan vir mekaar kan vertel wat dit vir hulle beteken het.

Dankoffer

Ons wil graag nou ons bydrae gee om God se werk in hierdie tyd steeds te laat voortgaan. Julle kan dit nou per snapscan doen, EFT of kontant by die kerk maandae tot vrydae 08h00 tot 13h00 afgee. Die gemeente se bankbesonderhede is as volg:
NG Wonderpark. Absa .Tjekrekening 1460165489.
Takkode:632005.Verwysing: Dankoffer22Maart.



Seënbede:

Laat die oudste man die seën uitspreek oor sy gesin. Julle kan dit elke week roteer sodat almal kans kry om die gesin te sien.

Mag die krag van God, die liefde van Jesus en die teenwoordigheid van die Heilige Gees met julle hierdie week wees.